INHOUD

NOODSAAKLIKE INLIGTING

WAT IS 'N SPESIALISASIE?

Behalwe die standaard graadwielwerk, is daar ook spesialisasies waaraan gewerk kan word. Spesifieke temas word gebruik om die kind se belangstelling effektief in 'n bepaalde rigting te stimuleer. Die spesialisasies is so saamgestel dat dit:

- die kind se **kennis** oor 'n bepaalde onderwerp uitbrei. (hoof)
- spesifieke **vaardighede** vir die kind aanleer. (hand)
- die kind se **gesindheid** teenoor mense, gebeure, dinge en belewenisse aanspreek. (hart)
- die kind se **belangstelling** prikkel en uitbrei.

Spesialisasies - nie Kentekens nie

Om ons terminologie reg te kry, moet ons op die volgende let. Wanneer ons van n "kenteken" praat, is dit eintlik die "lappie" wat op die erkenningsbaadjie vasgewerk word. Ons kan dus nie aan 'n "kenteken" werk nie (dit word in die fabriek gedoen) ons werk met ons span aan die vereistes van 'n spesifieke spesialisasie.

Spesialisasies is dus om:

- Kennis, vaardigheid en gesindheid te verbeter en te uit te bou.
- Die Voortrekkerkode deel van die kind se alledaagse optrede te maak.
- Die Voortrekkers se ABC te vestig in elke kind se menswees. (Moderne **A**frikaner, Positiewe **B**urger, Konsekwente **C**hristen)

Spesialisasies is nie om:

- Die erkenningsbaadjie vol te maak nie
- Programme vol te maak nie

SPESIALISASIES EN DIE VOORTREKKERKODE

Volgens die verklaring in HAT is 'n kode 'n stel reëls / voorskrifte/ bepalings / wette / rigsnoere. Ons kan dus die Voortrekkerkode sien as 'n stel van tien reëls.

Wanneer op 'n spesialisasie besluit is, moet die aanbieder ook bepaal watter reël van die Voortrekkerkode hy wil bevorder of vaslê. (Byvoorbeeld met Dierekennis sal reël ses uitgebou word. Met Godsdiens geld reëls een en twee. Groepspele kan gebruik word om reël agt uit te bou en reël nege hou verband met Paraatheid.)

Die Voortrekkerkode is:

- 'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien hom.
- 'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe.
- 'n Voortrekker aanvaar gesag.
- 'n Voortrekker respekteer en bevorder die taal en kultuur van die Afrikaner.
- 'n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.
- 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
- 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.
- 'n Voortrekker neem leiding.
- 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
- 'n Voortrekker is diensgerig en diensvaardig.

SPESIALISASIES EN DIE ABC

Wanneer op ‘n spesialisasie besluit is, moet die aanbieder ook bepaal watter deel van die ABC word bevorder of vasgelê.

Christenskap

Christenskap is ‘n belangrike bousteen van Die Voortrekkers. Met min moeite moet Godsdiens bygebring word wanneer ons besig is met Spesialisasies.

Dit kan op die volgende maniere gedoen word:

1. By die opening van die geleentheid doen een van die volgende.
    - Lees of vertel ‘n verhaal / gedeelte uit die Bybel wat aansluit by die Spesialisasie.
    - Leer en verduidelik ‘n Bybelvers wat pas by die Spesialisasie.
    - Kies ‘n gewyde lied of skryf een wat pas, leer dit aan en sing dit tydens die kursus.
2. Tydens die kursus
    - Haal die kerngedagte uit een van bogenoemde voorbeelde en gebruik dit herhaaldelik gedurende die kursus.
3. Na afloop van die kursus
    - Vind uit of die kursus ook ‘n gesindheidservaring vir die kind was.
    - Sluit af met ‘n gebed spesifiek gerig op die Spesialisasie se inhoud.
4. Gebed. Sonder om dit herhaaldelik voor te skryf, is ‘n tafelgebed standaard prosedure binne Die Voortrekkers. Dit geld ook vir etes tydens die aanbied van Spesialisasies.

Afrikanerskap

Afrikanerskap is nog ‘n bousteen van Die Voortrekkers en daarom is dit nodig om dit ook binne die Spesialisasies te beklemtoon. Konsentreer spesifiek op die taalgebruik van die aanbieder sowel as die kursusgangers. Dit kan op een van die volgende maniere gedoen word:

1. Gesels met die groep voor die kursus begin en beplan saam ‘n gepaste slagspreuk.
2. Beplan saam ‘n kreet om die groep te motiveer en die kursus te adverteer.
3. Kies ‘n idioom of spreekwoord wat pas by die inhoud van die Spesialisasie.

Burgerskap

Dis die volgende bousteen waaraan ons aandag moet gee. Bepaal as groep tot watter mate hierdie Spesialisasie jou kan help om ‘n beter burger van jou land te wees. Bespreek dit in die groep.

Elke aanbieder behoort homself gedurende en na elke aanbieding te evalueer. Vra die vraag: Maak dit wat ek nou vir hierdie kind leer van myself en van die kind ‘n beter Afrikaner, Burger en Christen?

KLASSIFIKASIE VAN SPESIALISASIES

Die indeling van die spesialisasies is dieselfde as in die graadwielboeke:

Ek as Mens,

Ek in my Omgewing,

Ek as Voortrekker,

Ek as Afrikaner,

Ek as Landsburger.

1. Die spesialisasies is in groepe verdeel wat min of meer dieselfde onderwerp dek en ook volgens die skoolgrade.
2. Om die tydsindeling vir die spesialisasie maklik te maak is die spesialisasies almal gegradeer volgens tydsduur. Die tydsduur wat aangedui word is die **minimum aantal kursusure. Dit staan u egter vry om meer tyd daaraan te spandeer.**
3. Waar die aanleer van 'n vaardigheid vereis word, of wanneer langtermyn opnames gedoen moet word, mag dit meer as die voorgeskrewe tyd vra.

Vir die Voorslagtoekenning

Wanneer u die Penkop en Drawwertjie se loopbaan beplan wat spesialisasies betref, net die volgende:

1. Net ses spesialisasies word vir toelating tot Voorslagtoetsing vereis, maar u is welkom om meer te doen. Lees die prospektus vir meer inligting.
2. Slegs een van hierdie ses spesialisasies mag van ‘n A-gradering wees en minstens een moet ‘n C-gradering hê.
3. In graad 7 moet die kind minstens een “Belofte” spesialisasie doen. Die keuse is tussen Afrikanerkind, Medemens, Erfgrond of Godsdiens.

   Dit word die “Belofte”-spesialisasie genoem aangesien dit direk verband hou met die belofte.

Onthou !! Spesialisasies is geskryf vir ‘n spesifieke ouderdomsgroep. In uitsonderlike gevalle kan u per jaar hoogstens twee spesialisasies uit die vorige ouderdomsgroep doen.

Tydsindeling

Die tyd wat aangedui word is die **minimum** aantal ure. Sou u dit nodig vind om langer daaraan te werk, staan dit u vry. Waar die aanleer van ‘n vaardigheid vereis word, gebruik gerus meer as die voorgeskrewe tyd.

Die ure is **EFFEKTIEWE KURSUSURE**. Etenstyd, koeldranktyd en ander **UITGESLUIT**.

A = 5 ure
B = 9 ure
C = 18 ure

Spesialisasies is verdeel in onderwerpe en graadgroepe. In hierdie handleiding verskyn dit alfabeties onder elke graadgroep.

1. U as Offisier kan die keuse vir die span maak óf almal kan saam besluit wat hulle wil doen.
2. Die belangstellingsveld van die groep moet geken word in die keuse.
3. Elke kind kan ook sy eie keuse maak, wat sal meebring dat u aandag en hulp moet gee aan 'n verskeidenheid spesialisasies binne die span.
4. Die beskikbare tyd teenoor die vereiste tyd moet in aanmerking geneem word.
5. In sommige dele van ons land moet selfs die seisoene en omgewing in aanmerking geneem word.
6. Beskikbare inligting en ander hulpmiddels sal ook ‘n rol speel by die keuse.

Die vereistes:

1. Die vereistes vir die verskillende spesialisasies is so saamgestel dat dit in al die gebiede gedoen kan word.
2. Daar is ook gepoog om die vereistes nie kampterrein of persoon-gebonde te maak nie.
3. 'n Baie wye veld word tans gedek deur die verskeidenheid van spesialisasies.
4. Daar is egter sekere spesialisasies wat 'n bepaalde omgewing vereis, as u omgewing nie daarvoor geskik is nie, moenie probeer om die spesialisasie aan te pas nie, daar is genoeg ander om van te kies.
5. Die vereistes is so opgestel dat dit vir bepaalde grade geskik is, u word dus vriendelik dog dringend versoek om by die voorskrifte te bly en nie af te wyk of aanpassings te maak nie. Die keuse is groot genoeg.
6. Indien die vereiste 5 uur is vir 'n bepaalde spesialisasie, kan u nie 3 spesialisasies in dieselfde 5 uur aanbied nie. Daardie 5 uur sal dan vermenigvuldig moet word. Die ure is **EFFEKTIEWE KURSUSURE**. Etenstyd, koeldranktyd en ander is **UITGESLUIT**.
7. Die vereistes is met sorg en met 'n spesifieke doel in gedagte gekies, moet dit dus nie ignoreer, verander of nek omdraai nie.
8. Maak die keuse van ‘n spesialiasie sodat aan al die vereistes voldoen kan word. Om byvoorbeeld "Kus Ekosorg" in die binneland te wil doen, sal nie haalbaar wees nie.
9. Alle vereistes moet deur die kind nagekom word voordat die kenteken toegeken kan word.
10. Die vereistes wat gestel word is die minimum waaraan voldoen moet word. Die entoesiastiese Offisier sal egter veel meer doen as wat gevra word, afhangende van die span se ontwikkelings- en belangstellingsvlak.
11. Dit sal baie nuttig wees as die kind na elke spesialisasie iets tasbaars het om te bewaar, Byvoorbeeld. 'n Projekboek wat later as naslaanbron gebruik kan word óf 'n model, foto's óf 'n handwerkartikel.

Die Offisier se kennis:

1. Dit is vir enige Offisier onmoontlik om 'n kenner op alle terreine te wees, daarom kan u van kenners, instansies en ouers as aanbieders gebruik maak.
2. Om as Offisier “navorsing” te doen oor 'n bepaalde onderwerp kan nogal verrykend wees. Moet dus nie sommer 'n spesialisasie vermy net omdat u tans niks daarvan weet nie.
3. In die handel en in biblioteke is so 'n groot verskeidenheid boeke met inligting beskikbaar sodat u wel geholpe kan raak. Doen moeite om waar u beweeg by die werk, die winkels, op vakansie en in gesprekke gedurig te soek en op die uitkyk te wees vir inligting wat u kan gebruik.
4. Die Internet is ‘n baie nuttige bron van inligting.
5. Besoek gerus die volgende webblad: pd.voortrekkers.org.za vir meer inligting.

Binne Die Voortrekkers is ons met opvoeding en voorbereiding vir die toekoms besig. Ons help die kind om te besef dat dit wat met my gebeur minder belangrik is as wat ek daarmee doen. Ons help die kind om deeglik kennis te neem hoe die wêreld daar buite hom eendag gaan behandel. Die kind moet op ‘n jong ouderdom reeds besef dat niks in die lewe gebeur sonder opofferings of 'n teenprestasie nie. As iets die moeite werd is om te doen, is dit die moeite werd om dit goed te doen.

Die woord spesialisasie moet u laat besef dat meer vereis word as vir die gewone graadwielwerk. Om jouself in iets te onderskei beteken om 'n besonderse kennis van, vaardigheid in en gesindheid teenoor 'n spesifieke saak te hê.

Die kennis wat die kind hier opdoen, kan in sy latere lewe vir hom handig te pas kom Dink aan iets soos noodhulp of lewensredding. Te min kennis kan gevaarlik wees. Leer dus soveel as moontlik.

Aanvanklik is dit lekker om 'n kenteken te kry vir iets wat jy dalk nie verdien het nie, maar op die ou end kan dit 'n verleentheid word wat nie maklik reggepraat kan word nie.

Wie doen die toetsings?

Elke kommando moet hier sy eie reëlings tref. Hier volg 'n paar moontlikhede:

1. Die Veldkornette in die kommando hanteer of beplan die toetsing.
2. Die kommandobestuur wys toetsoffisiere aan.
3. Die dagbestuurslede toets die kinders.
4. Spanoffisiere tref onderlinge reëlings.
5. Opgeleide persone hanteer spesifieke toetsings soos byvoorbeeld die Noodhulp- en Brandweerpersoneel.

Werkswyse van die toetsoffisier:

1. Dit sal baie help as die toetsoffisier reeds minstens twee jaar Voortrekker ondervinding het.
2. Bring homself op hoogte van die vermoëns van die span wat getoets moet word.
3. Bestudeer die vereistes en stel u verwagtinge aan die aanbieder.
4. Hy moet instaat wees om die kinders op hul gemak te stel.
5. Hy moet konsekwent wees in sy beoordeling. Gevalle met gestremdhede moet **voor** evaluering bespreek word sodat die nodige aanpassings gemaak kan word.

Vermy die volgende:

1. Om kinders in die bondel te toets.
2. Om ‘n indrukspunt te gee. Voortrekkers is nie 'n “Ag, sies tog-beweging” nie.
3. Om ‘n kenteken uit te reik aan iemand wat dit nie verdien nie.
4. Om kentekens uit te reik bloot op grond van die bywoning van 'n aanbieding.

Hoe word die toetsmetode bepaal?

1. Bestudeer die vereistes van die spesialisasie. Vereis dit praktiese toetsing, is daar teorie wat getoets moet word, boeke, opdragte of modelle wat beoordeel moet word?
2. Stel vas waarop die aanbieder veral klem gelê het.
3. Stel deur middel van toetsing vas of die doel van die spesialisasie wel bereik is.
4. Verskillende afdelings van 'n spesialisasie word op verskillende maniere getoets. Wissel dus u toetspatroon af.

Verskillende maniere om te toets:

Toetsoffisiere kan die volgende metodes gebruik **óf** dit ietwat aanpas **óf** ander metodes gebruik.

1. Die vraag- en antwoordmetode.
   - Vrae word direk gestel.
   - 'n Vraestel wat skriftelik beantwoord word, is geskik vir sekere afdelings.
   - Kolomme is geskik vir sekere fasette van die werk.
   - Flitskaarte is 'n ander moontlikheid.
2. Speletjies
   - 'n Vindingryke Offisier kan dit as handige toetsmetode aanwend.
   - Idees kan verkry word uit reekse oor leervaardighede wat tans oral in boekwinkels te koop is.
   - Sommige televisie speletjies kan ook handig ingespan word.
   - Monopoly kan as basis gebruik word vir toetsspeletjies, so ook slangetjies en leertjies, “Snap” en “Rummy”.
   - Bewegingspeletjies soos Vroteier, “Musical chairs” en Knoopkrieket kan almal met 'n paar aanpassings gebruik word.
3. Vraelyste en werkblaaie
   - In dié geval ontvang elke kind sy eie vel papier met vrae, sketse, stellings, kaarte of beskrywings wat dan individueel voltooi word.
   - Maak ook gebruik van die rekenaar. Die kind ontvang sy werk per e-pos, voltooi die opdragte en stuur dit terug aan die toetsoffisier.
4. Blokkiesraaisels
   - Inkleurboeke, vaardigheidsboeke van verskillende reekse, tydskrifte en koerante kan almal gebruik word om interessante blokkiesraaisels saam te stel.
5. Stellings
   - Verskillende stellings, foutief of korrek, word op skrif gemaak. Elke kind beoordeel dit dan. Byvoorbeel: 'n Noodhulpverband word met 'n voorslagknoop vasgemaak. Waar óf Onwaar.
6. 'n Roetemars
   - Die roetemars kan in 'n tuin, in die veld, op 'n Voortrekkerterrein óf op die skoolgrond plaasvind.
   - Op die roete is 'n hele aantal aandoenpunte. By elkeen word 'n faset van die spesialisasie getoets.
   - Elke kind het 'n kaartjie waarop die toetsoffisier sy punte aanbring.
   - Aan die einde van die roete word die kaartjies opgeneem en die punte bymekaar getel. Dit bepaal dan of die kind genoeg weet om as spesialis in die bepaalde rigting 'n kenteken te ontvang.
7. Gesprekvoering
   - Gesprekvoering is wanneer die toetsoffisier met elke kind individueel 'n gesprek voer om so vas te stel wat sy vlak van kennis is. Dit is 'n moeilike manier van toets en daarom is dit belangrik dat die inhoud van die gesprek met al die kinders dieselfde moet wees. Sorg dat die kinders nie met mekaar kontak het voor die toetsing afgehandel is nie.
8. Projekboeke
   - As die kind gedurende die kursus werksblaaie met inligting, foto’s of sketse ontvang het of as daar spesifieke opnames of verslae is, kan dit alles in die boek opgeneem word. Die boek word ook ingedien vir bepunting.
9. Rolspel
   - As daar elemente is wat die kind kan demonstreer of verduidelik deur middel van rolspel is dit 'n lekker manier van toets, mits die toetsoffisier seker is dat almal eenders geëvalueer sal word. Noodhulp, Onthaal en Veldkook kan op die manier getoets word.
10. Uitstallings
    - Kan gebruik word vir spesialisasies soos Handwerk en Beeldende kunste. Elke kind stel sy handwerk ten toon saam met die res van die groep. Die toetsoffisier stel vrae aan die kind by sy uitstalling.
11. Werkboek
    - 'n Goed saamgestelde werkboek wat handel oor die spesialisasie wat hy deurloop, word aan elke kind gegee om te voltooi soos die kursus vorder.
    - In die handel is talle soorte werkboeke beskikbaar wat die toetsoffisier kan aanpas. Die boek se inhoud word dan geëvalueer.

Is daar 'n slaagsyfer?

- Dit is nodig dat 'n slaagsyfer deur die kommandobestuur, Offisiereraad of toetsoffisiere vir die kommando bepaal word wat dan deurgaans geldig is.
- Dit sal die standaard en gehalte werk wat in die kommando gedoen word bepaal en ook vir die aanbieders 'n aanduiding gee wat van hulle verwag word.
- Beide kind en Offisier sal ook meer gedetermineerd wees om die doel (teiken) te bereik.
- 'n Spesialisasie beteken immers dat die standaard van kennis, vaardigheid en gesindheid heelwat hoër moet wees as die vir graadwielwerk..
- 'n Goeie aanbieding, 'n deeglike begrip, vaardigheid en 'n deeglike toetsing sal verseker dat die kind sal weet waarvoor hy elke kenteken gekry het en dit met trots dra.
- 'n Moontlike riglyn is die volgende: graadwielwerk is die fondament van Voortrekkerkennis en moet dus binne almal se vermoë wees. Dus 50% tot 60% kennis en vaardigheid, terwyl 'n spesialisasie in 'n bepaalde veld sekerlik 'n kennis en vaardigheid vra van 70% tot 80%

Hoekom werk ons met punte?

- Dit is 'n manier om onderskeid te maak tussen baie goed, goed, gemiddeld, swak en baie swak.
- Punte kan ook verseker dat die toetspaneel 'n idee het van die grense waarbinne hulle werk.
- Indien 'n kind nie geslaag het nie sal punte wat voorgelê is, dalk 'n bevredigende antwoord kan verskaf.
- Persone wat nie daagliks met toetsing te doen het nie, vind dit moeilik om 'n akkurate indrukspunt te gee.
- Punte en evaluering bevredig ook tot 'n mate die kind se strewe na sukses en prestasie, mits dit korrek aangewend en bestuur word.
- Indien daar 'n beter evalueringstegniek was, sou firmas, skole en universiteite lankal daarvan gebruik gemaak het.

Voldoen nie aan slaagvereistes nie

Stel vas waarom die kind nie geslaag het nie.

- Is hy akademies nie sterk nie?
- Was die toetsmetodes bo sy vuurmaakplek?
- Was die aanbieding na wense?
- Het hy nie belang gestel nie?
- Het hy nie opgelet of sy werk nagegaan nie?

Probeer die probleem voorkom, want dan is daar nie name by betrokke nie en die saak kan aangespreek word. As die besluite rondom die slaagvereistes deur die Offisiereraad of betrokke veldkornetskap vasgestel is, **vóór** die toetsing, behoort die betrokkenes objektiewe besluite te kan neem.

Gee die kind 'n tweede en selfs 'n derde kans. Moet egter nie die standaard verlaag nie. Die toetsmetodes kan egter verskil van die eerste toetsing. Sou hy na verdere toetsings nog nie die vereiste standaard bereik het nie, is hy nie opgewasse vir wat die spesialisasie vereis nie en kan hy nie die kenteken ontvang nie. Dit moet so aan hom oorgedra word. Moedig hom dan aan om ‘n ander spesialisasie te doen. **Ons almal se talente en belangstellings verskil immers**. Hieruit is ook 'n lewensles te leer. Sukses volg op harde werk en nêrens kry jy iets verniet nie. Die een mislukking is dalk die motivering tot sukses met die volgende poging.

Om bogenoemde situasies tot 'n minimum te beperk is dit belangrik dat spesialisasies gekies word wat by die ontwikkelingsvlak en belangstelling van die spanlede pas. Daarom is dit heel dikwels nodig om meer tyd as die minimum tyd wat vereis word, aan 'n spesialisasiekursus af te staan. Doen liewer minder spesialisasies deeglik, as 'n hele klomp half.

Alhoewel internet deel van ons lewe is en dit ‘n maklike en gewilde manier is om navorsing te doen, is daar tog ander bronne ook.

Boeke

- Boeke oor spesifieke onderwerpe kan verkry word in: Winkels, biblioteke, antieke winkels en straatmarkte wat ou boeke verkoop.

DVS (digitale visuele skyf) (Engelse DVD)

- Videoteke.
- Inligtingsvideo’s oor verskillende onderwerpe is te koop.
- Video’s kan self gemaak word.

Laserskywe (CD)

- Vir agtergrondmusiek by funksies of seremonies.
- Om te help om liedjies en danse aan te leer.
- Uitkenning van geluide en klanke.
- Natuurbewaringsaksies, reservate en wildtuine asook museums beskik oor kasette of laserskywe met klankopnames, van byvoorbeeld diere, wat u kan gebruik.

Skyfies en fotoreekse

- Natuurbewaringsaksies, reservate en wildtuine asook museums beskik meestal oor goeie skyfie- of fotoreekse wat u met groot sukses in aanbiedings kan gebruik.
- Skyfies en foto’s kan ook self geneem word volgens behoefte.

Organisasies

- U kan verskeie organisasies nader vir hulp om inligting, brosjures, pamflette of kenners te bekom wat kan help met aanbiedings. Hier is ‘n paar moontlikhede.

Parkeraad	Herbariums	Waterwese	Seekusparke
Dieretuine	Botaniese tuine	Noodhulpliga	Padveiligheidsorg
Dierebeskerming	Brandweer	Weerburo	Kinderbeskerming
Polisie	FAK	ATKV	Rapportryers
Hospitaal	Ryskole	Munisipaliteite	Monumente
Museums	Planetarium	Oseanariums	Ereveldwagters
Natuurbewaringsinstansies			

Besoeke

- Besoeke kan gebring word aan plekke soos:

Planetarium	Vlooimarkte	Sanguitvoerings	Uitstallings
Versamelaars	Museums	Monumente	Oseanariums
Stokperdjie skoue	Reservate	Dieretuine	Botaniese tuine

Moderne tegnologie

Rekenaarprogramme, digitale kameras, internet, laserskywe, aftasters en ander apparaat kan ingespan word om aanskoulike hulpmiddels te maak of om inligting te bekom en om uitdrukstukke te maak.

Tuisgemaakte hulpmiddels

Dit bly seker een van die beter en goedkoper opsies. Jy maak presies wat jy verlang. Gebruik klei wat gou hard word, karton, gips, plakkers, polistereen, verf, hout en nog vele meer.

Hulpmiddels is oral rondom ons, ons moet net leer om reg te kyk en vooruit te beplan. 'n Soektog na hulpmiddels hoef nie ekstra tyd te vra nie, kyk rond vir wat jy kan gebruik as jy inkopies doen, as jy met vakansie is of as jy in die dokter se spreekkamer sit en wag. Tussen jou kinders se speelgoed, die gereedskap of eetgerei kan orals hulpmiddels wees wat jy net moet inspan. Hoe meer moeite jy doen met jou aanbieding hoe meer sal jou span dit geniet en hoe beter sal die resultate wees.

VERSPREIDING EN GRADERING

EK AS MENS

Graad 1	Graad 2	Graad 3	Graad 4	Graad 5	Graad 6	Graad 7
		Handwerk (B)		Handvaardigheid (B)	Beeldende Kunste (C)	
	Versamelkuns gr 2 (B)	See versamelkuns (B)	Versamelkuns gr 4 (C)		Versamelkuns gr 6 (C)	
Selfsorg (A)					Persoonlike versorging (B)	
	Veldkook (A)				Kampkook (B)	
Junior Kok (A)	Kuiertyd (A)	Die Kok (A)	Gasheer / Gasvrou (B)	Onthaal (B)		

EK IN MY OMGEWING

Graad 1	Graad 2	Graad 3	Graad 4	Graad 5	Graad 6	Graad 7
Tuinier (A)		Plantwaarneming (A)	Plantekennis (B)	Ekosorg (C)	Staptogte (C)	Veldbewustheid (C)
			Ruimtewaarneming (B)	Weerkennis (C)	Sterrekunde (B)	
	Waterveiligheid (B)		Waterfiksheid (B)	Roeikuns (C)	Varswaterhengel (C)	
	Dierewaarneming (A)		Dierekennis (B)	Varswaterdiere (C)	Vleilande (C)	Waterbewustheid (C)
Seepret (B)	Seewaarneming (B)	Seeplante (B)	Seekennis (C)	Seediere (C)	Kus ekosorg (C)	Strand-bewustheid (C)

EK AS VOORTREKKER

Graad 1	Graad 2	Graad 3	Graad 4	Graad 5	Graad 6	Graad 7
Lekker sing (B)			Sang (B)		Musiek en Sang (C)	
		Spoorkennis (B)			Spoorsny (C)	
	Knope (B)			Touwerk (C)		
				Kampeerder (C)		
Spele (B)			Groepspele (B)			
				Spanseremonies (B)	Seremonies (B)	

EK AS AFRIKANER

Graad 1	Graad 2	Graad 3	Graad 4	Graad 5	Graad 6	Graad 7
Dias (A)	Ou Kaap (B)	Immigrante (B)	Groot Trek (B)	Delwerye (B)	Gedenkwaar-dighede (B)	Afrikanerkind (C)
			Anglo – Boere-oorlog gr 4 (B)		Anglo – Boere-oorlog gr 6 (B)	
Kind van Jesus (A)		Godsdiens gr 3 (B)		Godsdiens gr 5 (B)		Godsdiens gr 7 (C)
		Toeka (C)		Boeresport (B)	Afrikaner Tradisies (C)	
	Taalpret (A)		My Taal (B)			
				Plaaslewe (B)		Erfgrond (C)
		Volkspele (B)			Volksdanse (C)	

EK AS LANDSBURGER

Graad 1	Graad 2	Graad 3	Graad 4	Graad 5	Graad 6	Graad 7
Ek weet (A)		Paraatheid gr 3 (A)	Omgewings-kennis (B)	Brandweer (A)	Paraatheid gr 6 (B)	Medemens (C)
	Noodhulp gr 2 (A)		Noodhulp gr 4 (B)		Redding (C)	
Padveiligheid (A)		Fietsry (A)	Vasbyt (C)	Fietskunde (A)	Ruiterkuns (C)	
	Hoor my (A)		Gestremdhede (B)		Kommunikasie (C)	

SPASIE VIR BEPLANNING

Graad 1	ABC	Graad 5	ABC
Graad 2	**ABC**		
		Graad 6	**ABC**
Graad 3	**ABC**		
Graad 4	**ABC**		
		Graad 7	**ABC**